


**BOEDELBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Is belasting-valbyl einde van trusts?

Is die dae van belastingfoefies met familietrusts getel? Dit lyk so. Dié plan kom dalk in die vorm van belastingwysigings.

In sy begrotingsrede vanjaar het mnr. Pravin Gordhan, Minister van Finansies, nie doekies omgedraai nie. Om belastingvermyding met betrekking tot trusts hok te slaan, het hy gesê, kyk die Regering na verskeie wetgewende aksies in 2013/'14. Dis sommer nog in dié belastingjaar.

In my rubrieke waarsku ek gereeld oor die gevaar van belastingspeletjies met trusts. Soms lei dit tot woede-uitbarstings van mense wat nóg die trustreg nóg belastingwetgewing behoorlik onder die knie het, of ander wat doodskelm is. Gewoonlik ly die kliënt daaronder. In een geval het dieselfde kliënt van 'n sekere ouditeursfirma nou al twee toonaangewende hofuitsprake teen hom moes aanhoor!

Ek wil nie graag sê, "ek het mos gesê," nie. Maar hier kom dit nou van Gordhan self. Inteendeel, hy het reeds in verlede jaar se begroting trustees, raadgewers en belastingpraktisyns gewaarsku om hul (vir my soms bedrieglike) belastingspeletjies met trusts te staak.

## TRUSTS HERSIEN?

Wat eintlik uit die oogpunt van boedelbeplanning jammer is, is dat die minister die gebruik van trusts om boedelbelasting te vermy as 'n "bekommernis" beskou en dreig om dit ook te hersien. Ek is nie seker of hy die gebruik van trusts wil hersien en of hy boedelbelasting self wil hersien nie. Ons moet maar wag en kyk wat gebeur.

> Om belasting-vermyding met betrekking tot trusts hok te slaan, kyk die Regering na verskeie wetgewende aksies – sommer nog in dié belastingjaar.

Die eerste sal, wat my betref, ietwat kortsigtig wees, want trusts – reg opgestel en vir die regte doel aangewend – is al eeue lank deel van goeie finansiële beplanning en die beskerming van bates vir nageslagte. Ek dink daar sal eerder oorweeg word om boedelbelasting af te skaf. Ons sien al die tekens daarvan met die verhoging in kapitaalwinsbelasting. Hoekom suksesvolle mense dubbel belas? Dit maak nie sin nie.

Kom ons kyk na wat Gordhan nou met trusts in die mou voer. Hy maak drie voorstelle.

## DISKRESIONÊRE TRUSTS

Die eerste handel oor diskresionêre trusts (die algemene vorm vir familietrusts). Sulke trusts behoort nie langer as geleibuise te dien nie. Belasbare inkomste en verliese moet binne die trust self bereken word, met uitkerings aan begunstigdes wat aftrekbaar is in die mate waarin inkomste belas word. Begunstigdes sal belastingvrye inkomste geniet, behalwe waar dit aanleiding gee tot belastingaftrekbare betalings.

Wat wil Gordhan hokslaan? 'n Bedrogspul, dis wat. Laat ek verduidelik. Al gehoor van dié stelling: 'n Trust maak dit moontlik om inkomste aan meer as een persoon te versprei en só voordeel te trek uit die laer belastingkoers van ander? Die een manier is wettig, die ander is bedrog. Dit werk só:

Mnr. A se bates is in 'n familietrust en sy kinders en kleinkinders is almal begunstigdes. Elke jaar as die ouditeur die state opstel, word sekere uitkerings aan die kinders gedoen en belasting word in hul naam betaal, of nie betaal nie, na gelang van die bedrae op die inkomste, op 'n baie laer skaal as die pa of oupa, die trustoprigter.

Maar die geld word nie aan die kinders uitbetaal nie, dis net 'n manier vir pa of oupa om die geld in die hande te kry en minder of geen belasting daarop te betaal. As jou boekhoustelsel só werk, stel ek voor jy gebruik die SAID se vrywillige blootlegging vóór jy uitgevang word. Ons praat van tronksake.

Anders moet jy seker maak elke kind of begunstigde kry sy geld; hetsy dit aan hom of haar uitbetaal word, of behoorlik op rekord is dat die begunstigde 'n gevestigde belang in die bate of bedrag geld in die trust het. Onthou: Sodra daar 'n gevestigde belang is, is daar geen diskresie meer wat betref aan wie dié geld uitbetaal mag word nie.

'n Gevestigde belang beteken ook dat die bate vatbaar is vir die skuldeisers van die begunstigde, egskeidingsbevele ingesluit. So wees maar versigtig vir dié een.

## SAKE-TRUSTS

Die tweede voorstel handel oor sake-trusts. Belasting sal eweneens gehef word in die trust self. Trusts sal as sake-trusts beskou word as die trust self sake doen, of as begunstigdes se belange vryelik oordraagbaar is.

Ek kon self al lank nie die doel van sake-trusts insien nie. Daar is ander, toepasliker regsvorme om sake in te doen as trusts. Ek meen sommige mense kyk vas teen die buigsaamheid wat aan trusts toegedig word en probeer die ding knoop, pleks van net buig.

## BUITELANDSE TRUSTS

Die derde voorstel het te doen met buitelandse trusts. Inkomste uit sulke bronne sal voortaan beskou word as inkomste.

Dit is voorstelle wat ingedien word. Die wetgewer moet daaroor besin en wetswysigings uitvaardig vóór dit van krag word. Vir die tipiese familietrust sien ek die grootste gevaar met die geleibuisbeginsel wat in die gedrang kom.

Ons howe het die afgelope jare streng begin optree teen trusts wat in wese net 'n front is vir die oprigter van 'n trust om sy sake soos voorheen te doen, maar dan die belasting en ander voordele van trusts wil opeis. Oor van die hofsake het ek al hier geskryf en lesers behoort nie onkant betrap te word nie.

Ongelukkig het baie mense hulle nie aan die waarskuwingsligte gesteur nie. Nou gaan die wetgewer toeslaan. En sy valbyl is om die belastingnet stywer te trek.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële-risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- Wetgewende aksie kom vanjaar nog om belastingvermyding met betrekking tot trusts stop te sit.
- Die Minister van Finansies het drie voorstelle oor trusts gemaak.
- Dit hou gevaar in vir die tipiese familietrust met die geleibuisbeginsel wat in die gedrang kom.